In die Naam van God!

Ds. Willem Louw: NG Kerk Miederpark

Skriflesing: Mt.6:5-9
Teks: Mt.6:9

- Nadat Jesus verduidelik het hoe ons nie moet bid nie, gee Hy'n voorbeeld of riglyn van hoe'n normale gebed behoort te klink. Tussen die aanhef en slot van hierdie gebed vind ons die volgende inhoud:
  - Jesus leer ons om God te prys,
  - Hy leer ons om vir God se werk te bid,
  - Hy leer ons om met vrymoedigheid vir ons daaglikse behoeftes te bid en
  - Hy leer ons om God se hulp te vra vir die dinge waarmee ons sukkel.
- Jesus gee hierdie gebed as riglyn omdat die skrifgeleerdes "gebed" dikwels as wettiese verpligting nagekom het en uit onkunde **nie werklik besef het hoe kragtig gebed in die Naam van God is nie.** Dalk val ons ook in hierdie kategorie. Ons bid dikwels soggens en saans roetine gebede sonder dat ons besef hoe geweldig Groot ons God is! Wanneer jy werklik in die Naam van God bid, kom God in beweging!

Voorbeelde:

- *Ons lees dat **George Müller** tot God gebid het sonder om ooit een van behoeftes aan mense bekend te maak. Hy het 50 000 antwoorde op sy gebed aangeteken! Hy vertel dat God al die gebede wat hy gebid het, beantwoord het. Hy het onder andere 4000 weeskinders onderhou deur slegs aan God sy behoefte bekend te maak.*
- *Ons lees van'n klein bedlêende meisietjie met die naam **Marianne Adlard**. Sy het gevra dat die Here asb. iets sal doen om haar gemeente te verander en haar gemeente sal seën. Sy het in'n koerant gelees van'n kragtige prediker, D.L. Moody. Sy het gebid dat die Here hom na hul gemeente sal stuur. Moody het gekom en na sy preek is 400 nuwe lidmate in daardie gemeente opgeneem. Wat was die geheim? 'n Klein bedlêende dogtertjie wat in die Naam van die Here gebid het!*

Waarom is gebed so kragtig? Omdat God so kragtig is!

Ek wil graag die klem laat val op **die Betekenis van God se naam.** Jesus leer ons in die aanhef van hierdie gebed, hoe belangrik dit is om in die ***Naam*** van God te bid. So moet julle bid: ***"Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word."***

1. Die aanspreekvorm van God

Wanneer ons sê "Ons Vader" spreek dit van 'n intieme verhouding. 'n Eenheid van liefde wat daar tussen God en ons is.

- *Dit is 'n aanduiding dat God nie net hoog en heilig is nie, maar liefdevol en in 'n persoonlike verhouding met elkeen van ons wil verkeer.*
- *Dit is 'n lofuiting en daarmee verbind ons onsself om Sy Heilige Naam te eerbiedig en Hom te eer!*
- *Wanneer ons bid dat Sy Naam geheilig word, bid ons eintlik dat almal Hom sal erken as die Heilige, en as God. Slegs God self kan dit bewerkstellig, selfs in die bidder se eie lewe kan net Hy dit bewerkstellig!*

2. Die betekenis van 'n naam

Wat is jou naam vir jou werd? Sal jy toelaat dat mense jou valslik beskinder en beswadder?

'n Naam het betekenis. 'n Persoon se naam dui aan wie die persoon is en wat jy van die persoon kan verwag. 'n Persoon se reputasie word aan sy naam gekoppel. Die persoon se naam vat eintlik saam wie die persoon is. In een enkele naam kan jare se prestasies of mislukkings saamgevat word.

Geen wonder dat maatskappye vandag groot hofsake aangaan om hul naam of handelsmerk te beskerm nie. "Coca-Cola" is vandag een van die bekendste handelsname. As ek die naam sê weet Biljoene mense oor die wêreld waarvan ons praat! Hulle sal dadelik aan 'n koeldrank dink! As ek die naam Toyota sê sal daar steeds 'n redelike segment van die wêreldbevolking wees wat weet dat ons van die handelsnaam van 'n voertuig praat. 'n Naam wat oor jare bekend geword het vertel iets van die produk self.

Die Naam van Jesus en van God is van die allergrootste belang. Luister na ***Eseg.36:23*** ***"Ek sal die heiligheid van my groot Naam laat blyk wat onder die nasies in oneer gekom het****. Julle het my Naam oneer aangedoen onder die nasies. Wanneer Ek my heiligheid laat blyk in wat Ek met julle doen voor die oë van die nasies, sal hulle besef dat Ek die Here is," sê die Here my God.*

Wesley Duewel, 'n bekende prediker en skrywer, verduidelik wat gebeur as ons in Jesus se Naam bid. Hy sê: "To pray in Jesus' Name:

- is to be conformed to his nature *(om verenig te word met Sy natuur)*
- is to pray for his sake *(om vir Sy belange te bid)*
- is to use his Name for your reference *(om Sy naam as jou verwysing te gebruik)*
- is to claim Calvary's victory for your need *(is om die oorwinning van God op Golgota vir jou behoeftes op te eis)*
- Is to acknowledge Hiss full role as God's anointed – your Prophet, Priest and King. *(Is om Sy volle rol as God se gesalfde te erken – as jou Profeet, Priester en Koning)*
- Is to pray in all His authority *(is om in al Sy almag en gesag te bid)*

Jesus leer ons pertinent dat ons in sy Naam moet bid. **Joh.14:13-14** *"Wat julle ook al in my Naam vra, sal Ek doen, sodat die Vader deur die Seun verheerlik kan word. As julle My iets in my Naam vra, sal Ek dit doen."* Daar is nog ander soortgelyke tekste (Joh.15:6, Joh.16:23b-24, Joh.16:26).

3. Die Naam van God.

In die Bybel vind ons meer as **470 beskrywende terme of name waarmee God drie-enig aan ons bekendgestel word**. *Elkeen van hierdie name beskryf die aard van God se karakter. Dit is hoe God homself aan ons bekendstel deur Sy Woord.*

- ***Elohim** beteken "God; Die een aan wie alle krag behoort (Gen1:1).*
- *Die woord **Adonai** beteken "God ons Regeerder"(Eseg.16:8,30)*

Sommige van hierdie Name van God spreek beloftes uit. Toe Jesus na hierdie wêreld gekom het, het Hy aan ons gesê: "Ek het in die Naam van My Vader gekom" (Joh.5:43). Hierdeur het Hy die gesag waarmee Hy gekom het aan ons bekend gemaak. Jesus het nie op sy eie gekom nie. Hy was God self en het Sy Vader se gesag hier op aarde verteenwoordig. Hy het gekom om elke belofte van die Vader waar te maak. Elke naam se betekenis of belofte het Jesus vir ons kom vervul! Dit gee vir ons die reg om die seëninge en beloftes van elke Naam op te eis! Wie Jesus sien, sien Sy Vader (Joh.14:9). ***Wie in Jesus se Naam bid, bid ook in Sy Vader se Naam. Wie deur die Gees bid, bid in God se gesag en krag!***

Jesus se Naam het soveel gesag en krag, dat God vir ons leer dat ***net om in Jesus se Naam te glo, word ons wedergebore, en kan ons oorwinnend in God se krag lewe*** *(Joh.6:47 en Joh.10:27-30).*

<u>Jesus leer ons, om God as "Ons Vader" aan te spreek.</u> Hy begeer 'n eenheids-verhouding met ons (*Joh.17:21 "Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wes, sodat die wêreld kan glo dat U my gestuur het."*
Ons moet toelaat dat wie Hy is totaal in ons manifesteer (God begeer dat Sy karakter en beeld in ons sigbaar word. Vgl. 1Joh.4:12). Ons moet God dank dat ons Hom Vader kan noem as gevolg van Sy liefde vir ons en Jesus se bloed wat vir ons uit liefde op Golgota gevloei het om ons met God te versoen.

- **Jahweh** beteken *"Die Een wat op sy eie bestaan"* Die Groot Ek Is, die verlossingsnaam van God (Eks.3:14) of die Ewige, die een wat vir altyd liefhet (Mal.3:6)
- Wanneer ons die naam Jahweh kombineer met sekere beskrywende terme in volgorde soos dit in die Bybel voorkom, kry ons elke keer 'n spesiale betekenis vir die Naam van Jahweh. Elke keer vertel die betekenis van Jahweh se Naam vir ons iets van God se karakter en die wyse waarmee God homself aan ons bekend wil stel. Kom ons kyk na 'n paar voorbeelde:

- ***<u>Jahweh-Tsidkenu</u>*** *– "**Die Here verskaf reg aan ons**; Die Here ons geregtigheid"* (Jer.23:6 en Jer.33:16.) Jesus Christus, was sonder sonde, maar het ons sonde in ons plek aan die kruis gedra, sodat ons vrygespreek kan word.
  2Kor.5:21 *"Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur god vrygespreek kan wees."* (vgl. 1Kor.1:30)
  - **Net God kan jou sondes vryspreek.**
- ***<u>Jahweh-Mekaddishkem</u>*** *– "**Die Here maak heilig**" Lev.20:8 "Gehoorsaam my voorskrifte en leef daarvolgens. Ek is die Here, Ek heilig julle aan My."* Dit verwys na die Here wat heilig maak, eenkant sit, afsonder vir God. Ons weet vandag Jesus het ons deur Sy bloed gereinig en ons is heilig, eenkant gesit en afgesonder vir God se diens. <u>God se Gees bemagtig ons en stel ons in staat om heilige lewens te leef.</u> ***1Kor.6:11*** *"Maar julle het julle sonde laat afwas, julle is geheilig, julle is vrygespreek in die naam van die Here Jesus Christus en deur die*

Gees van God." ***1Tess.5:23*** *Mag God, wat vrede gee, julle volkome aan Hom toegewyd maak en julle geheel en al, na gees, siel, en liggaam, so bewaar dat julle onberispelik sal wees wanneer ons Here Jesus Christus weer kom!"* (vgl.1Tim.4:7-8 en 2Tim.2:21)

- ***Laat toe dat God jou nuut maak!***

- ***<u>Jahweh-Rohi</u> – "Die Here is my Herder"*** *(Ps.23:1, Heb.13:20). Die goeie Herder lê sy lewe af vir die skape. Hy voer, lei en versorg hulle soos 'n herder sal doen. Hy is ons vriend, metgesel en versorger.*
  - ***Waarvoor is jy bang ? Waaroor is jy bekommerd?(Jes.41:10)***
- ***<u>Jahweh-Nissi</u>*** *– "**Die Here is my Banier**" (**Jes.11:10** "In die tyd sal iemand uit die geslag van Isai 'n vaandel wees vir die volke. Die nasies sal na hom vra, en sy woonplek sal hoë aansien geniet.") (Die Vaandel of vlag -simboliseer dat God se mense hul agter Hom kan skaar. Deur Jesus is ons meer as oorwinnaars en lei Hy sy kinders deur liefde in oorwinning!**Eks.17:15** "Moses het daar 'n altaar gebou en dit genoem: 'Die Here gee my die oorwinning'. **1Kor.15:57** "Maar ons dank God dat Hy ons die oorwinning gee deur ons Here Jesus Christus." (vgl. ook Rom.8:35-39; Hooglied2:4)*
  - ***Waarop wil jy roem? Waarop is jy trots? Waarin het jy oorwin?***
- ***<u>Jahweh-Rophe</u> – "Die Here is my Geneesheer"***. ***Eks.15:26*** *"…dit is Ek die Here wat julle gesond hou."* ***Rophe*** *beteken om te herstel, of om fisies, geestelik en moreel te genees. (vgl. ook Deut.32:39, Luk.4:23, Jes.61:1-2) Deur Jesus Christus het God ons kom verlos en genees van alle bindinge wat die sonde meegebring het. Rom.3:23 sê alle mense het gesondig en het nie deel aan die heerlikheid van God nie. Voor God het ons almal vervloek gestaan, maar Jesus (Gal.3:10-14) het die vloek verwyder deur self in ons plek die vervloekte te word. Aan die kruis het Hy die vloek van ons mislukking, minderwaardigheid en ontoereikendheid op Hom geneem.*
  - ***Waarvan wil jy genees word?***
- ***<u>Jahweh-Yireh</u> – "Die Here my Voorsiener*** *of die Here voorsien"* ***Gen.22:8-14*** *"…Toe noem Abraham die plek: Die Here voorsien.". Jesus het ons voorsiening geword sodat ons vloek en straf verwyder kon word. Hy maak dit moontlik dat ons vry kan wees van geestelike, finansiële, morele of sosiale mislukkings. Ons is tot alles in staat deur Hom wat ons krag gee (Fil.4:13). Jesus wat ons Vrygemaak het, is steeds ons voorsiener en versorger!*
  - ***Wat begeer jy dat God vir jou moet voorsien?***

- ***<u>Jahweh-Shammah</u>*** *– "**Die Here is daar**, Die oorvloedige, die ewige teenwoordige"**Eseg.48:35** "Die omtrek van die stad moet nege kilometer wees, en sy naam moet van vandag af wees: Die Here is daar."*
    - **God vra: Kan jy van jou huis, jou werk en jou gemeente sê: Die Here is daar!**

  Hierdie naam dui aan dat God altyd by ons is. ***Jos.1:5*** *"Soos Ek by Moses was, so sal Ek by jou wees. Ek sal jou nie in die steek laat nie en jou nie verlaat nie." (vgl.Deut.31:6;Heb.13:5) Ons is God se tempel en Sy Gees woon in ons (Joh.14:17 en 1Kor.3:16). Sy kosbare inwoning van die Heilige Gees is elke oomblik in jou om jou te begelei. Hy seën jou met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is(Ef.1:3)*
- ***<u>Jahweh-Shalom</u>*** *– "**die Here gee rus** of God is Vrede."* ***Rig.6:24*** *Gideon het net daar 'n altaar gebou en dit genoem: 'Die Here gee rus!' Die Here skenk ons Sy Vrede, harmonie, heelheid en tevredenheid. Die skeiding tussen God en mens het Jesus verwyder (Ef.2:14,17) Hy het vir ons vrede gebring.*
    - **Beleef jy ware vrede in jou lewe?**

4. Die Here nooi jou om in Sy Naam te bid.

Ons het vanoggend maar net geraak aan die meer as 470 beskrywende name wat die Bybel vir God drie-enig gee.

Geen wonder nie dat Paulus in Ef.3:19-21 bid: ***"Mag julle Sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God. Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink,*** *aan Hom kom die eer toe, in die kerk…"*

<u>Wil jy nie net vir 'n oomblikkie stil word en weer daaroor nadink wat dit werklik beteken om in God se Naam te bid nie?</u> Hoe kan ons roetine gebedjies opsê sonder om te dink wat ons vra? **Hoe dikwels bid ons sonder om te besef met wie ons praat?**

Kan jy jouself net een oomblik indink wat God deur jou gebede kan vermag, as jy jouself reinig, jou sondes bely en in 'n verootmoedigende posisie jou plek inneem en in God se Naam bid! Geen wonder nie ***Jud.1:20 sê: "Bid altyd deur die krag van die Heilige Gees."***

- **Elia** het gebid en God het dit vir drie jaar en ses maande nie laat reën nie.
- **Hanna** het gebid en God het vir haar 'n seun gegee!

- Daar word vertel dat die koningin van Skotland destyds drie keer per dag van angssweet uitgeslaan het. Dit het elke dag gebeur terwyl ’n eenvoudige prediker met die naam van **John Knox drie keer op ’n dag tot God gebid het**. As gevolg van sy gebede en lewe, het bykans die hele destydse Skotland hulle tot God bekeer. Bykans die hele volk het in ’n kort rukkie, destyds tot inkeer gekom.

Wil jy nie begin ***om in die Naam van God te bid*** vir jou gemeente, vir jou leraars, vir al die geestelike leiers in ons gemeente nie? Wil jy nie vir God vra om jou ’n hart van liefde vir jou gemeente te gee nie? Iemand het eenkeer gesê, as jy ’n nuwe dominee wil hê, bid net vir jou huidige dominee! As jy ’n nuwe gemeente begeer, bid vir geestelike herlewing. Wil jy nie ook daar in jou binnekamer soos ’n klein *Marianne Adlard* in die Naam van die Here vir ons gemeente begin bid nie?

Bid vir jou familie, vir jou vriende, vir jou werkgewers, vir jou regering. Moenie moedeloos word nie, God begeer om jou gebede te beantwoord. **Jak.5:16** sê “die gebed van ’n gelowige het ’n kragtige uitwerking”.

God wil en sal graag jou gebede gebruik om Sy Koninkryk met krag te laat deurbreek! ***Gaan skuil in Jahweh se Naam en spreek jou gebede direk in die troonkamer van die Vader…***

Amen